Arbeidsbediening

nuusbrief 2014 newsletter

Privaatsak/Private bag X8 • Bellville 7535 • Tel 021 952 1531 / 957 7184 • cbrink@kaapkerk.co.za • www.arbeidsbediening.co.za

Paarl Chamber of Commerce and PAK

The Local Action of Industrial Ministry or *Plaaslike Aksie van Arbeidsbediening* (PAK) in Paarl recently became a member of the Chamber of Commerce in Paarl. Now many businesses of this beautiful Boland town can learn firsthand about the many benefits that Industrial Ministry services can offer their town and region's workforce (both employers and employees).

The first time that Industrial Ministry had the opportunity to introduce their services was on the 18th of March this year at Rheebokskloof, a wine estate near Paarl. PAK and other organisations were given the chance to exhibit their promotional material and introduce their services during a presentation to the business people of Paarl.

During this event members of PAK (who are also business people) were invited to assist with the presentation and they could use the platform to share with their colleagues about Christ in the workplace.

The network opens a valuable door that makes it possible to identify service points, recruit auxiliary workers, obtain donations and allow the exposure of Industrial Ministry to the business world. Now Industrial Ministry can have a better understanding of the workplaces in Paarl and can also determine what their real needs are.

From left to right: Christo Prins (board member and auxiliary worker), Emmerencia Smit (auxiliary worker and coordinator) and Charles Whitehead (board member)

PAK has decided, in coordination with the congregations in the presbytery, to organise speakers (board members) on the dates throughout the year when synod collections or offerings at the church doors will be collected for their cause. This will give them the opportunity to introduce Industrial Ministry's work to these congregations. Brochures and newsletters will also be available for those who would like more information.

Contact Vera Blaauw at verablaauw47@gmail.com for more information.

Helderberg PAK bring lig agter tralies

Elke Woensdagoggend bedien vyf vrywilligers van die PAK (Plaaslike Aksie van Arbeidsbediening), Helderberg in Somerset-Wes die gevangenes van Strand Gevangenis.

Voordat die vrywilligers na die selle beweeg, bid hulle eers saam en vertrou die Heilige Gees om die harte van die gevangenes sag en ontvanklik vir die evangelie te maak.

Soms is daar 'n onverskillige en harde gees onder hulle, maar in die meeste gevalle luister hulle na die Woord en soms is hulle regtig desperaat om hul harte vir die Here Jesus oop te maak.

Dis so heerlik om dan, na die besoeke, buite die gevangenis weer êrens op die gronde saam die Here te dank en spesiaal vir hulle te bid wat so pas hulle Saligmaker en Verlosser gevind het.

Een van die vrywilligers, Frans Botma, fokus veral op die Polisiediens. Behalwe dat hy die selle besoek, bedien hy ook die polisie-personeel. Hy bemoedig en bid vir hulle en gee ook aan hulle leesstof wat hulle kan versterk.

Een van die werkers, Ina Engelbrecht, vertel: "'n Uitstaande geval was toe ek een oggend voor 'n jong meisie te staan kom wat agter tralies was. Ek kon agterkom dat sy baie onkundig is, geen godsdienstige agtergrond het nie en diep verlore was. Haar gesig was so ongelukkig en donker dat ek gewonder het of sy ooit luister na wat ek sê.

"Ek vertel haar toe dat Jesus haar liefhet en vir haar 'n beter lewe wil gee, haar wil vergewe en verlos van die sonde en haar sy kind wil maak.

"Ek sien toe hoe sy begin luister. Toe ek haar later vra of sy haar hart vir Jesus wil gee, het sy dadelik 'ja' gesê en dit gedoen!

"Toe sy klaar gebid het, het haar hele gesig verander – daar was soveel blydskap! Sy het die Bybel wat ek vir haar gegee het styf teen haar vasgedruk en gesê: 'Nou wil ek sommer op-en-af spring van vreugde!'"

(Vervolg op bl 7)

Kersbos Primêr sing uit volle bors.

Ds. Jannie Booysen (links) by een van die leerlinge en 'n onderwyser tydens die oorhandiging van die fietse

"If you're happy and you know it, clap your hands!"

Die kinders van Kersbos Primêr by Klipheuwel, Agter-Paarl sing uit volle bors. Die klaskamer waar die gereelde kerkdienste gehou word, is vol gepak. Aan die kante van die vertrek het die hele personeel van vyf man sterk hulleself ingerig om die nodige orde te handhaaf.

"If you're happy and you know it and you really want to show it …," kompeteer die graad-eens met die graad-sewes wat almal deel uitmaak van dieselfde gehoor.

IMPAK van Arbeidsbediening het hierdie geleentheid gekry toe die geestelike werker die vriendelike en vrywillige skoolhoof, mnr Meyer, tromp-op genader het om te hoor of IMPAK dalk kan help met die geestelike versorging van hulle skoolkinders. "Julle kan ons help met die sedelessies," het hy ingewillig.

Vandag sing die kinders ekstra mooi: "If you're happy and you know it, do all three!" Die houtvloer dreun soos daar met die voete gestamp word en toe … die afwagting vir die sedeles. Almal kyk stip na die geestelike werker.

Sedert verlede jaar word daar tweeweekliks sedelessies op 'n siklusbasis behandel. Die eerste reeks het gegaan oor *Waardes in 'n wêreld van ordentlikheid.* Week na week is daar gehamer op 'n leefwyse wat kontrasteer met die lewenswyses van bendes/gangsters.

Hierdie reeks is opgevolg met 'n reeks wat gegaan het oor *Leierskap en Geesvervulde leierskap*. Tussen die reekse deur het ons nog vir me Carin Brink, streeksbestuurder van Arbeidsbediening, kans gegee om 'n paar geskenkte fietse ook te oorhandig aan behoeftige kinders.

Die tevrede hoof het beloof om die resultate van ons werk aan die skoolraad te rapporteer en ons dienste verder aan te beveel. Die samewerking wat ons van die personeel ontvang, is prysenswaardig. Ons is innig dankbaar daarvoor.

Na die sedeles het die sanglus nog nie opgedroog nie. "Nog net enetjie!" word daar gesoebat.

Die skoolhoof kyk op sy horlosie: "Nee," beduie hy, "die kwartier is om."

"Asseblief!"

"OK, nog net een." En daar trek hulle weg met *Fishing for Jesus anywhere*.

Dit is 'n fundamentele oortuiging by IMPAK om Jesus se stem oral te laat hoor – *With my Bible in my hand, kaalvoet op die strand.*

Binne loopafstand van Kersbos Primêr is daar ook ander werk wat deur IMPAK gedoen word en voorbidding vra. Bid asseblief vir die werkers van Uitsig Eierplaas, Uitsig se fabriekswerkers, Uitsig-kantore, Reliance-kantoor en ander personeel.

Kontak ds Jannie Booysen by impak2@kaapkerk.co.za vir meer inligting.

From the editor / Van die redakteur

"If we have to go forward, we must go back and rediscover those precious values – that all reality hinges on moral foundations and that all reality has spiritual control." *Martin Luther King, Jr.*

We live in a different kind of world ... We gather, build our wealth and seek the things that we feel in control of. **King** says that in this world there is NO substitute for God; that we have to revisit our values that are hinging on moral foundations, so that we may have a new world and reality, with God in charge of it all.

Carin Brink

And when **Dirkie Smit** says, "The gospel teaches us a different kind of humanness, a different kind of world, with a different morality and a different kind of justice," then it highlights the fact that we should be talking together, seeking together, becoming more sensitive together – for what truly is right and moral.

In this edition we read, among other things, how a woman behind bars made a choice for Jesus, how the children of a farm school sing wholeheartedly and with such sincerity, "With my Bible in my hand, kaalvoet op die strand…" We read about affordable expert services offered to businesses, and we read about the experiences of senior catechists of the URC Delft during the *Bright Star* training programme. Come and experience how gratitude opens a person's heart to give and how many hours of knitting beanies could relieve the cold for sailors and fishermen...

Experience every story and become aware of God's omnipresence and goodness.

"As ons êrens wil kom, moet ons teruggaan en daardie kosbare waardes herontdek – dat alle realiteit op morele fondamente berus en dat alle realiteit geestelike beheer het." *Martin Luther King, jr*

Ons lewe in 'n anderse soort wêreld ... Ons maak bymekaar, versterk ons rykdom en soek na die dinge wat ons in beheer laat voel. **King** sê dat daar in hierdie wêreld GEEN plaasvervangende God is nie; dat ons in hierdie tyd moet omdraai en ons waardes wat op morele fondamente berus weer moet gaan her-besoek sodat ons 'n nuwe wêreld en werklikheid, met God in beheer, van dit alles kan hê.

En as **Dirkie Smit** sê: "Die evangelie teken vir ons 'n anderse soort mens-wees,'n anderse soort wêreld, met 'n anderse moraal en 'n anderse reg," dan beklemtoon dit die feit dat ons moet saam praat, saam soek, saam al sensitiewer word – vir wat waarlik reg en moreel is.

In hierdie uitgawe lees ons onder andere hoe 'n vrou agter tralies die keuse vir Jesus maak, hoe die plaasskool se kindertjies uit volle bors en met soveel opregtheid sing: "With my Bible in my hand, kaalvoet op die strand ..." Ons lees van bekostigbare, kundige dienste wat aan sakeondernemings gebied word, en ervaar die belewenisse van die senior katkisante van die VGK Delft tydens die *Bright Star*-opleidingsprogram. Kom beleef hoe dankbaarheid 'n mens se hart oopmaak om te gee en hoe baie ure se brei van *beanies* die koue vir seemanne en vissers kon verlig ...

Beleef elke storie en raak bewus van God se alomteenwoordigheid en goedheid.

Carin Brink
Regional Manager: Industrial Ministry Western and Southern Cape / Streeksbestuurder: Arbeidsbediening Wes- en Suid-Kaapland
cbrink@kaapkerk.co.za

Arbeidsbediening in die kuberruimte

‘n Boer in die Vrystaat op 'n plaas naby Hertzogville skryf: "Ek hou elke Maandag godsdiens vir die werkers en gebruik byna altyd jou stukkies wat jy stuur en wil maar net baie dankie daarvoor sê. Ek druk die stukkie uit en sirkuleer dit onder hulle."

Iemand anders van die Verenigde Arabiese Emirate skryf: “Baie dankie vir jou geesvervulde boodskappe aan ons. Ons bly in Abu Dhabi, Ruwais, so vyf en 'n half uur van Dubai en kry geen Christelike aansporing hier nie. Die meeste Suid-Afrikaners kan kerk toe gaan in Abu Dhabi, maar ons is nog twee en 'n half uur se ry vanaf Abu Dhabi.

Dit is maar net enkele van die boodskappe wat Gert Berning, afgetrede Fisika-professor van die Universiteit Bloemfontein, wat sedert 2001 met sy vrou, Soma, in die Strand woon, gereeld ontvang.

Gert het in 2007 by Arbeidsbediening betrokke geraak en in 2008 begin om elke week 'n bemoedigende boodskap te skryf en aan verskeie besoekpunte van Arbeidsbediening te e-pos. Mense gebruik hierdie boodskappe vir hulle persoonlike Bybelstudie, in Bybelstudiegroepe en selfs om hulle werknemers te bemoedig.

Hierdie boodskappe het egter so gewild geword, dat dit nou ook na ander belangstellendes en selfs na mense in die buiteland gestuur word. Dit word al na meer as 2 500 e-posadresse gepos!

Gert skryf die boodskappe, sy swaer, Kobus Marais doen die vertaling na Engels en ds Bennie Fourie doen die vertaling na Xhosa. Soma en Kobus help ook met die versorging van die taal, sowel as die inhoud van die boodskappe.

En dan ontvang Gert weer boodskappe soos: “Ek behandel dit elke Maandag met opening by die kantoor,” of “Ek is in 'n klein dorpie in die Oos-Kaap, Maclear, en daarom versprei ek die Engelse weergawe, aangesien almal hier Engels en Xhosa magtig is. Ons munisipaliteit het omtrent 300 personeellede wat die e-pos kry. Ek wil weereens dankie sê vir jou boodskappe; dit het 'n groter impak as wat jy dink.”



Gert Berning besig om een van sy boodskappe te skryf.

Kontak Gert Berning by gertberning@gmail.com indien jy ook sy boodskappe wil ontvang.

Roy in his office at home

Roy with two young people who gave their lives to Jesus. He bought them food from his tithe.

Roy's story

Roy Stamper is ministering to commuters on the trains of Cape Town on behalf of Industrial Ministry. He has a very powerful ministry and his own witness to share. This is his story:

“The man you see here was once a criminal, a drug addict, an alcoholic and a prisoner.

“I remember how, when I was struggling in life because of crime and drugs, my aunt tried to help me but failed. I was sent to sangomas for help, so that they could wash and rid me of bad luck with their traditional medicine, but they failed. Then I went to the AA Support Group and failed again. I tried with my own strength but failed time and again, until I gave my life to Jesus Christ, who saved me – glory be to Jesus!

“By the age of ten I was a thief already and by the age of fourteen I was a gang member, called Guilty Boy. At the age of sixteen I was stabbed in the spine with a knife and the doctors thought that I would never be able to walk again.

“Then I prayed to God in tears and pleaded for a second chance. I promised God that if He would heal me, I would go back to school and to the church and would stop hanging around with thugs. God answered my prayers. My legs came back to life and I was discharged from hospital.

“But my promise was quickly forgotten and I went back to my evil ways. I was arrested many times for burglaries and robbery. In 1990 I was arrested for armed robbery and sent to Pollsmoor Prison for the first time. Since then prison became my home.

“In 2002 I gave my life to the Lord Jesus. Since then my life has never been the same. I gave up the cult of 26 in prison for Jesus Christ, and I also gave up my tradition of worshipping my ancestors.

“Since I was released from prison in 2004 my mission became to tell the world that Jesus saves. I am now preaching the gospel of Jesus Christ on the trains of Cape Town and try to save people from their destructive selves.

“God is in the business of changing and transforming lives, and I am one of His partners!”

Contact Roy Stamper at royevangelist@gmail.com for more detail.

Vlnr: Attie Brink, eienaar en besturende lid van Matpro BK en Dieci Services Western Cape CC; Alwyn Botha, werkswinkel-voorman by Dieci en Sakkie Botha van LOGOS QMC geniet saam middagete tydens die Matpro Groep se strategiese werkswinkel by die Oude Werf in Stellenbosch .

Bekostigbare kundigheid reddingsboei aan sakeondernemings

Arbeidsbediening is nie net toegerus om werknemers in werksplekke geestelik te bedien nie, maar kan ook besighede na kundiges verwys wat onontbeerlike opleidingsprogramme, teen bekostigbare tariewe, aan ondernemings lewer. Vennootskappe en 'n netwerk van kundiges is dus een van die belangrikste komponente wat Arbeidsbediening graag tot beskikking aan ondernemings wil stel.

LOGOS Quality Management Consulting, met Sakkie Botha en Truus Legemaat as die vennote en dienslewerende konsultante, is so 'n dienstevennoot van Arbeidsbediening in die Wes-Kaap. Hulle het aanvanklik eers net individuele lewens- en besigheidsafrigting aan besighede beskikbaar gestel, maar het nou ook, as gevolg van deeglike behoeftebepalings binne die sakewêreld, strategiese ontwikkelings- en kwaliteit bestuursisteme en programme vir ondernemings begin ontwikkel en reeds met groot sukses aangebied en geïmplementeer. Al die programme is gefundeer op Bybelse beginsels en waardes en word in lyn met die Lukas 10-benadering aangebied, maar voldoen ook aan die tegniese standaarde en statutêre behoeftes van moderne sake-ondernemings. Hulle bedien en beïnvloed deur middel van verhoudingsbou.

Een van die besighede wat al by hierdie kundige dienste baatgevind het, is Matpro & Dieci (in Blackheath, Kuilsrivier). Attie Brink, eienaar en besturende lid van die beslote korporasies, vertel:

"Aan die begin van 2011 het Matpro & Dieci op die punt van groot dinge gestaan, maar was om verskeie redes gekniehalter. Ek was onder groot druk as gevolg van ons twee maatskappye se situasie en het 'n familievriend, ds George Rauch, om raad genader. Na 'n lang gesprek het hy my na Sakkie Botha van LOGOS QMC verwys.

"Sakkie se raad en leiding het my daartoe in staat gestel om die twee ondernemings reg te bestuur en nugter besluite te kan neem oor die pad vorentoe. Ons besigheid het dermate gegroei dat ons teen middel 2013 'n punt bereik het waar ons ernstig na gehaltebestuur moes begin kyk. Ek het weer Sakkie se hulp ingeroep en teen November 2013 is die proses afgeskop. Ons is nou op die punt om oor te gaan na fase 3 van die proses waar LOGOS QMC in 'n waarnemingsrol gaan wees voordat ons bestuur finaal eienaarskap van die bestuur hiervan gaan begin oorneem.

Attie vertel verder: "Sonder kundige mense soos Sakkie en Truus sou die Matpro-groep nooit daartoe in staat wees om hierdie groot stap te kon neem en te implementeer nie. Soortgelyke dienste is gewoonlik baie duur vir klein- en medium sakeondernemings soos ons s'n, maar LOGOS QMC se dienste en die koste waarteen hulle dit verskaf, maak dit vir maatskappye soos ons s'n ook bekostigbaar.

"Klein – en medium sakeondernemings is juis dié met die grootste potensiaal om aan die grootste persentasie van ons bevolking werk en opleiding te verskaf. Met toegang tot kwaliteit kundigheid op hierdie vlak, is dit nou ook binne ons bereik om uit te styg en ook ons werknemers te laat uitstyg."

Arbeidsbediening is dus nie net 'n skouer vir noodlydendes en 'n gewete vir die markplek nie, maar kan ook, as hulle probleme in sakeondernemings identifiseer, sakelui na kundiges soos Sakkie en Truus verwys.

Kontak Sakkie Botha by impak@kaapkerk.co.za vir meer inligting of skakel hom by 0836554728.

Ministering to people with disabilities blossoms

The work that is done among people with disabilities in the Triangle, Stikland kicked off with a bang and is still blossoming!

Every morning about 300 young people and staff members stream from across the Peninsula into the huge workshops of Chris Steytler Industries and the place becomes a hive of activity. Here work is provided for young disabled people of different ages and different degrees of disabilities. Employment is provided by some large chain retailers and also by other institutions.

Rev. Johnny Booysen of IMPAK, Industrial Ministry, is responsible for the spiritual care of these people. On Wednesdays at twelve the dining hall becomes packed with workers for their weekly church service. Choruses are sung and they participate in a real "SA IDOLS" way. They pray, deliver sermons and introduce appropriate topics. At the moment they are discussing the subject of "Spirit-filled Leadership".

The spiritual work that is done among people with disabilities should address the specific needs of the disabled – to minister about Christ in a clear and appropriate manner, to use visual aids, to establish social engagement, to support, to form networks, etc. This cause poses high demands to the spiritual worker that can only be dealt with through tons of love and commitment.

Here at work they greet each other with a hug. Sometimes the spiritual worker has to hug the same person more than once at an occasion. One has to be specially equipped to be able to work with the disabled. We request special prayers for those who do specialist spiritual work among people with disabilities.

After the occupational therapist approached IMPAK with tears in her eyes and asked them to help those people with disabilities on the waiting list who are still waiting for work, about 28 workers are now employed by Chris Steytler Industries thanks to IMPAK's spiritual work.

Christ's words in Mathews 5 offers a compass for this part of his kingdom: "Blessed are those who know how dependent they are on God, for theirs is the kingdom of heaven."

Contact Jannie at impak2@kaapkerk.co.za for more information.

VGK Delft se Senior Kategese Spark!

Arbeidsbediening het onlangs geld van die CET (Cape Empowerment Trust) van die VGK ontvang met die doel om die *Bright Star*-program aan belydenisklasse van VGK-gemeentes aan te bied.

Gedurende Maart en April het Sakkie Botha, geakkrediteerde fasiliteerder van die *Bright Star*-program, die kursus aan 19 katkisante van die VGK Delft aangebied.

Ds Jannie Booysen, plaaslike leraar van die gemeente, vertel: "Op 8 Maart het die VGK Delft se senior kategeseklas 'n loodsprogram van drie dae begin. Die doel daarvan was toerusting, lewensoriëntering en leierskapsontwikkeling.

"Dit was reg van die begin af duidelik dat dit die tipe ding is wat jongmense graag wil doen. Maar wag, laat ons hoor wat die jongmense self oor die kursus te sê het. Die een getuig: 'Die program was pret en baie leersaam.' 'n Ander een sê: 'Ek het in hierdie drie dae geestelik en verstandelik gegroei.' Nog een vertel: 'Dit was die eerste lewensoriënteringsprogram wat ek bygewoon het; die program-aanbieder het my geïnspireer om self ook 'n fasiliteerder te word en dit was goed om my kerk se opvoeders ook naby te hê.'

Jannie vertel verder: "Die leierskap van VGK Delft dink dit is die beste ding wat ons jongmense te beurt geval het. Ons beveel dit ten sterkste vir ander gemeentes aan; jongmense wat die kursus mis, verloor baie."

Die *Bright Star*-progam is 'n geakkrediteerde opleidingsprogram en bevat assessering, mentorprogramme, LEMON sielkundige toetsing en leierskapstoerusting.

Daar sal hierdie jaar weer by die CET om befondsing aansoek gedoen word sodat ons hierdie opleiding aan alle finalejaar katkisante binne die VGK beskikbaar kan stel.

Lees meer van die *Bright Star*-program by http://www.arbeidsbediening.co.za/brightstar.html

Kontak Sakkie Botha by impak@kaapkerk.co.za of by 021 919 2533 vir meer inligting.

Bringing the church to the workplace

Industrial Ministry is an ecumenical Article 21 company (IMSA) that supports Christian churches nationwide to minister to people in the workplace.

They bring the church to the workplace so that both employees and employers can be spiritually provided for. In this way some people, who do not normally receive spiritual ministry, can experience some spiritual care.

It means a lot to people to be ministered to in this way. Let us share a few of the people's experiences:

Nerina Meat Products in Oudtshoorn said: “The workers of our factory have been ministered to for more than six years now. It is a wonderful privilege for us to be ministered to by Industrial Ministry every second Thursday and every time we look forward to listening to God's Word,” and “The Good News of happiness, joy and peace gives us hope in this sorrowfully world.”

Tyre Rama Oudtshoorn's workers said: “For us as a team Industrial Ministry is the backbone of our business.”

“The Bible encourages us in these difficult economic times.”

“After every meeting a positive spirit is evident among us.”

“May the Lord bless these messengers so that they will never become tired of preaching the good message of love.”

“The passion with which Industrial Ministry operates is incredibly believable.”

“We pray for growth and that more businesses will have a need for the Word.”

Contact André van Staden at wes1@telkomsa.net for more information.

God gee manne van staal harte van vlees

By Metric Engineering, aan die voet van die majestieuse Tafelberg, langs die see, bestaan 99.9 % van hul werksmag uit mans. Hulle werksmateriaal is staal wat gebuig, gekring, gate in geboor, gevyl en opgelig moet word – tonne daarvan. Die omvang van hierdie staalprodukte waarmee hulle werk, is van piepklein skroefies tot die massiewe kiel van enorme bote.

Maar wié is die manne wat daagliks met hierdie staal moet werk? Dit is dieselfde manne wat elke Vrydag, om presies halfeen, by die eetlokaal opdaag om die kerkdiens by te woon. Dit is hulle wat dan die Here se aangesig soek vir hulleself, hulle gesinne en wat dan na die Woord van die Here kom luister; voorwaar 'n kontras van omstandighede!

Die Here het deur 'n voorganger, ds Willie Viljoen van IMPAK, hierdie plekkie vir ons bediening uitgekies. Sedertdien word hier met toewyding gearbei, en met vele vrug. Ds Viljoen en andere vertel talle nostalgiese verhaaltjies van hoe die Here werk, soos dié keer toe daar iewers in die land 'n manne-konferensie was wat deur een van ons werkers bygewoon is. Hy was verslae om die ooreenkoms en die herhaling van God se woord aan hom in ons Vrydagmiddag-diens kort daarna te ervaar.

Die maandelikse onderwerpe wat behandel word, sorg vir die een hoogtepunt na die ander – opvoedkundige sake word bespreek, geestelike groei word hierdeur bevorder, en werkers word geaktiveer om getuies vir die Here te wees.

Ons beste bondgenoot by Metric Engineering, is die bestuurder van die firma, Ian van Wyk. In sy besige program kry hy dit altyd reg om ons te ontmoet en nog te woord te staan ook, veral as ons een of ander behoefte het. Daarbenewens dra Metric Engineering die volle uitgawe van die geestelike werk wat ons hier doen. Dit wys jou net wat gedoen kan word!

Die oplettende besoeker word altyd deur die atmosfeer by Metric Engineering getref – die vreedsaamheid tussen die koue ysters en lewelose kragmasjiene is byna tasbaar; die vrug van 'n firma wat sy deure oopgemaak het vir God se lewegewende evangelie.

Kontak ds Jannie Booysen by impak2@kaapkerk.co.za vir meer inligting.

(Helderberg PAK … Vervolg van bl 1)

Grietha Drotskie, vrywilliger van PAK, Helderberg, vertel:

"By geleentheid het 'n pragtige jong man sy hart op my man se skouer uitgesnik en gevra: 'Oom, bid vir my dat ek gered kan word en nooit weer in so 'n plek sal beland nie.'

"Dit was ook my voorreg om saam met 'n jong meisie wat uit 'n goeie agtergrond kom, te kon bid terwyl sy in gebrokenheid haar hart vir Jesus oopgemaak het – haar sondes is bely en sy het Hom vertrou om met sy bloed haar sondes weg te was.

"Verlede week het vyf mans hulle verlore toestand besef en Jesus as persoonlike Saligmaker aangeneem. Waarlik, die bloed van Jesus red sondaars uit die duisternis en bring hulle na die Lig; uit die mag van Satan na versoening met God; uit die dood na die Lewe.

"Omdat daar geen manier is om hierdie mense op te volg nie, voorsien ons hulle ten minste met goeie geestelike leesstof."

Japie Smal, nog 'n vrywilliger van PAK, Helderberg, vertel:

"Tydens 'n koue reënbui ontmoet ek vir Tommie waar hy skuil teen die reën agter 'n muur onder 'n afdak voor die SAP, Strand. Hy groet my met blink oë en 'n wye glimlag: 'Dit gaan baie goed, Meneer. Hier is darem skuiling teen die koue en reën en iemand het gesê ek kan netnou gaan ou klere haal, so ek is oraait, Meneer. As ek net 'n kombers kan kry, sal dit nog beter gaan; dan sal ek vanaand lekker slaap.'

"Ek nooi Tommie toe na my motor waar ons verder kon gesels. Tydens die gesprek wat volg, kla hy nie een maal oor sy haglike omstandighede nie. Tommie vra ek moet verskoon as hy ruik, dit is nou te koud om in die rivier te gaan was. So hoor ek ook dat sy vrou en kind weg is van hom en nou by ander mense woon. Dit was moeilik om die hartseer oor hierdie opgewekte man se omstandighede te onderdruk. Ten spyte van sy omstandighede was hy vergenoegd en het nie gebedel nie. Ek het aan hom 'n kombers beloof.

"Toe die gesprek met Tommie begin gaan oor waar hy met die Here staan, was sy antwoord: 'Nee, ek is nog nie reg om die Here in beheer van my lewe te stel nie, maar Meneer, toe ek in die tronk was oor my gedrink en oproerigheid, het jy vir my en Michael in Februarie van die Here se liefde kom vertel en ek weet van die liefde van die Here, Meneer. Ek voel dit hier binne-in my; ek is nou kalm, en Meneer – vanaf daardie dag was ek skoon en het niks meer gedrink nie. Meneer, ek wou graag by jou plek in Rusthof kom waar jy vir die mense bid, maar ek weet nie hoe nie.'

"Die Here het Tommie daardie oggend, toe ek hom ontmoet het, aangeraak en hy wandel steeds met 'n blymoedige hart. Ek is met 'n hernude geesdrif vervul, want alhoewel Tommie nog nie die Here in beheer van sy lewe wil stel nie, het die Here Tommie nie gelos nie. Dit bewys weereens dat ons die Here kan los, maar Hy sal ons nooit los nie. As daar een feit is wat Tommie vir seker weet, is dit dat hy anders voel nadat die Here hom met sy liefde aangeraak het."



Kontak Ina Engelbrecht by roeks@webmail.co.za vir meer inligting.

Knip hier...

Ja, ek wil baie graag 'n medewerker van Arbeidsbediening word.

Hier is my offer van R200 R100 R50 of R .....

Bankbesonderhede:

Naam:	Arbeidsbediening
Bank:	ABSA
Takkode:	630110
Rek. nr.	34 014 2373
U verwysing:	*Noem saak van ondersteuning*
Ons verwysing:	*U naam en van*

Merk wat van toepassing is:

☐ Ek wil graag 'n bydrae maak van R ..... (Gaan na www.arbeidsbediening.co.za. Klik op ***Raak Betrokke*** en kies ***Donasies***)

☐ Ek het 'n tjek gestuur na **Arbeidsbediening, Privaatsak X8, Bellville, 7535**

☐ Ek het 'n direkte deposito in Arbeidsbediening se rekening gemaak. U Verwysing: ***Arbeidsbediening***.

Faks die inbetalingsbewys na **021 957 7181.**

FAKS (021 957 7181) of e-pos asb u onderstaande besonderhede na cbrink@kaapkerk.co.za.

My naam en adres:

Tel: E-posadres:

Ecumenical Fund empowers communities on the West Coast

CBEF (Christo Bester Ecumenical Fund) is a multicultural, ecumenical fund focused on social support and upliftment of our communities on the West Coast. The fund is named after Christo Bester, who was involved in Industrial Ministry on the West Coast from 1991 to 2012.

As our name suggests, there are two major players in our story. The first player is an ecumenical group that has been gathering regularly for approximately the last 20 years. The group consists of eight community and church leaders from different areas who realised that they shouldn't each function separately, but should rather work together as a group. It is from this group that the dream of charities in the communities on the West Coast originated.

The second player was Christo Bester who, through his wonderful example, helped us to focus on our dream of an ecumenical fund in aid of the upliftment of our communities. Unfortunately, he never had the opportunity to be part of the implementation of this initiative, as he has since passed away.

Our dream has two key aspects: community development and ethical foundations. We dream of a West Coast where different sources can join forces in order to focus on causes that require serious attention, such as unemployment, addiction, HIV/AIDS, crime, orphans, broken families, senior citizens, adult literacy, learning skills and finally, supporting the supporters.

This dream/project was launched on the 6th of May to the local church leaders and the first Business Breakfast took place on the 24th of May. Between thirty and forty businessmen and members of the local council were invited.

If you are part of an existing charity, you can engage with us by allowing us to become part of your own story. We need you to trust us with your needs and expectations. However, if you are part of an organisation that wants to get involved as a supporter, or if you want to get involved as an individual, you can help us through financial support, by telling others of our dream, by offering your services physically to us and by praying for us.

We are also open to suggestions from our supporters and trust that you will dream about the future together with us. We believe and trust that through our work we can show something of that which Christo worked so hard for.

Contact Landa Bester at cbefweskus@gmail.com or 083 502 1645 for more detail.

Groot Dank aan

elke gemeente
vir die jaarlikse sinodale bydraes
aan Arbeidsbediening

Ons sal graag, op uitnodiging,
met 'n reeks preekbeurte binne u gemeente wil kom
saamdink oor die verband tussen WOORD EN WERK.

- Johan Botha -
EK EN MY WERK BEHOORT AAN DIE HERE

- George Rauch -
EK WERK OMDAT EK MOET

- Francois Swart -
STRES BY DIE WERK
EN HOE HANTEER DIE GELOWIGE DIT?

KONTAK **CARIN BRINK** by **021-9521531/083 651 9515** of **cbrink@kaapkerk.co.za**

DESIGN A PRINT 021 975 9648